HOËR MEISIESKOOL
BLOEMHOF
STELLENBOSCH
semper fidelis | altyd getrou

AANSOEK OM TOELATING

VAN:				
NAAM:				
TOELATING VIR	**GRAAD:**		**JAAR:**	
HUIDIGE SKOOL:				
REDE VIR VERLATING:				

Kram asseblief TWEE PASPOORTFOTO'S hier vas.

Aansoek vir: ☐ **SKOOL** ☐ **SKOOL EN KOSHUIS**

Indien sy nie plek in die koshuis kry nie, verlang u steeds skooltoelating? **JA** **NEE**

Is die Hoër Meisieskool Bloemhof u dogter se eerste keuse? **JA** **NEE**

Het u die aansoek op die WKOD se webwerf (sien bl. 2) voltooi? **JA** **NEE**

NB Heg die volgende dokumentasie in hierdie volgorde agter die aansoekvorm aan:

1. Gewaarmerkte afskrif van bewys van adres ☐
2. Gewaarmerkte afskrif van die leerder se immuniseringskaart ☐
3. Gewaarmerkte afskrif(te) van die ouer(s)/voog(de) se ID ☐
4. Gewaarmerkte afskrif van die leerder se geboortesertifikaat of ID ☐
5. Gewaarmerkte afskrif van die leerder se nuutste skoolrapport ☐

LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE

- 'n Volledige aansoek bestaan uit hierdie voltooide aansoekvorm, die voltooide aansoek op die WKOD-webwerf en al vyf dokumente wat hier bo genoem word.
- 'n Onvolledige aansoek kan ongelukkig nie vir toelating oorweeg word nie.
- Die keuringskomitee se besluit is finaal.
- Om teleurstelling te voorkom, moet u by meer as een skool aansoek doen soos deur die WKOD aanbeveel word.
- Geen elektroniese aansoeke sal oorweeg word nie. Hierdie aansoekvorm moet by die skool ingedien / aan die skool gepos word.

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE:

Vrydag, 26 Maart 2021

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

SKOOL	GOEDGEKEUR ☐	AFGEKEUR ☐	WAGLYS ☐
KOSHUIS	GOEDGEKEUR ☐	AFGEKEUR ☐	WAGLYS ☐

HOËR MEISIESKOOL
BLOEMHOF
STELLENBOSCH
semper fidelis | altyd getrou

Beste Ouers/Voogde

Baie dankie dat u die HMS Bloemhof as u dogter se keuse van hoërskool oorweeg.

Ons wil graag die aansoekproses vir u so maklik as moontlik maak en vra dat u u asseblief deeglik van die inhoud van hierdie skrywe vergewis.

Die WKOD vereis dat alle aansoeke ook op hulle stelsel vasgelê word. Die aansoekproses bestaan dus uit **twee** komponente:

1. Volledig voltooide aansoekvorm asook die vyf gewaarmerkte afskrifte soos op die dekblad versoek, ingehandig by die skool
2. Registrasie van u dogter se aansoek op die WKOD se stelsel

'n Aansoek word slegs as volledig beskou indien beide komponente voltooi is.

Registrasies op die WKOD se stelsel open eers op **26 Februarie 2021**, maar u kan reeds vanaf 9 Februarie 2021 hierdie aansoekvorm voltooi en by die skool inhandig.

Die skakel om u dogter se aansoek op die WKOD se webwerf te registreer is:

https://admissions.westerncape.gov.za

U moet op hierdie stelsel registeer en dan inteken om alle nodige velde te voltooi. **Dit is nie nodig dat u weer gewaarmerkte afskrifte van ondersteunende dokumente by die skool inhandig nie, aangesien dit reeds aan die skool se aansoekvorm geheg is.**

Vir enige navrae kontak Adéle Uys per e-pos by info@bloemhofschool.co.za

Vriendelike groete.

me. W. van Heerden
SKOOLHOOF

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

LEERDER SE BESONDERHEDE

Van _____

Volle name _____

Noemnaam _____

Geboortedatum _____ ID-nommer _____

Selfoonnommer _____ E-posadres _____

Enige fisieke gebrek, chroniese siekte(s) of allergie(ë) waarvan die skool moet kennis dra?

_____

OUERS/VOOG(DE) SE BESONDERHEDE

	Moeder/Voog	**Vader/Voog**
Titel		
Van		
Volle name		
Noemnaam		
ID-nommer		
Huwelikstatus	Getroud | Geskei | Ongetroud |Weduwee	Getroud | Geskei | Ongetroud |Wewenaar
Woonadres		
Posadres		
Telefoon (Huis)		
Telefoon (Werk)		
Selfoonnommer		
E-posadres		
Beroep		
Werkgewer		

By wie is die leerder woonagtig?	Beide ouers	Vader	Moeder	Voog	Ander
Leerder se wettige voog?	Beide ouers	Vader	Moeder	Voog	Ander

Aantal kinders in gesin _____ Leerder se posisie in gesin _____

Religie _____

FAMILIE

BESONDERHEDE VAN FAMILIE TANS IN BLOEMHOF

Naam en Van	Verwantskap	Graad

BESONDERHEDE VAN FAMILIELEDE WAT OUD-BLOEMHOFFERS IS

Naam			
Van			
Nooiensvan			
Familieverband			
Matriekjaar			
E-posadres			

BUITEMUURSE AKTIWITEITE

SPORT

Sportsoort	Span	Posisie / Item	Beste Prestasie	Jaar

KULTUUR

Aktiwiteit	Beste Prestasie	Jaar

LEIERSKAP

Posisie	Jaar

ANDER

Voorsien asseblief enige ander inligting wat u graag onder die skool se aandag wil bring

FINANSIES - SKOOLGELD

PERSOON VERANTWOORDELIK VIR BETALING VAN SKOOLFONDS

Vader ☐ Moeder ☐ Ander _____

BETAALWYSE

10 gelyke maandelikse paaiemente	☐	Elektronies	☐
4 gelyke kwartaallikse paaiemente	☐	Debietorder	☐
'n Enkelbetaling, betaalbaar voor 15 Februarie	☐	Tjek	☐
		Kontant	☐

LET WEL: Hulpbehoewende ouers wat aansoek om finansiële bystand wil doen, kan die aansoekvorms by die betaalkantoor afhaal.

Ek/ons wil van die opsie gebruikmaak om vir afslag/vrystelling van skoolgeld aansoek te doen. | Ja | Nee |

Ek/ons, die ondergetekende ouer(s)/voog(de) van _____, verklaar hiermee dat die inligting soos verskaf, na die beste van my/ons wete, korrek is. Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet (Art 109 van 1996) is **beide** ouers gesamentlik en/of afsonderlik verantwoordelik vir die betaling van skoolfonds. Verder verbind ek/ons tot alle ondernemings en aanvaar ek/ons aanspreeklikheid vir geld wat te enige tyd verskuldig is. Indien uitstaande skoolfonds oorhandig word, is ek/ons verantwoordelik vir alle kostes wat daarmee gepaard gaan. Alle bedrae moet direk aan die invorderaars betaal word.

Ouer/Voog 1	_____	_____	_____
	Naam en van	Handtekening	Datum
Ouer/Voog 2	_____	_____	_____
	Naam en van	Handtekening	Datum

FINANSIES - LOSIESGELD

Voltooi indien van toepassing

PERSOON VERANTWOORDELIK VIR BETALING VAN LOSIESGELD

Vader ☐ Moeder ☐ Ander _____

BETAALWYSE

10 gelyke maandelikse paaiemente	☐	Elektronies	☐
4 gelyke kwartaallikse paaiemente	☐	Debietorder	☐
'n Enkelbetaling, betaalbaar voor 15 Februarie	☐	Tjek	☐
		Kontant	☐

BEPALINGS EN VOORWAARDES

1. Losies is streng **vooruitbetaalbaar**. Indien 'n leerder se losies nie op die eerste dag van 'n kwartaal betaal is nie, sal sy ongelukkig verblyf geweier word/gevra word om dadelik die koshuis te verlaat.
2. Ouers moet 'n **volle skoolkwartaal vooruit skriftelik** kennis gee indien hulle dogter nie meer by Huis Bloemhof gaan inwoon nie.
3. Betalings wat deur 'n ouer/voog aan die skool gemaak word, sal altyd **eers** vir die vereffening van **skoolgeld** en **daarna** vir die delging van **losiesgeld** aangewend word, ongeag die toedeling wat deur die ouer/voog vir sondanige betalings gemaak word.

Rekenpligtige

_____ _____ _____

Naam en van | Handtekening | Datum

TOESTEMMING VIR DEELNAME AAN SKOOLAKTIWITEITE EN VERVOER VAN LEERDERS

(Vir gebruik slegs in geval van vervoer van leerders vir skoolaktiwiteite ingevolge artikel 1 van die Suid-Afrikaanse Skolewet)

1. Hiermee gee ek/ons, die ondergetekende(s) toestemming dat ons dogter, _____ (naam en van) solank sy 'n ingeskrewe leerder by die Hoër Meisieskool Bloemhof is, aan enige **skoolaktiwiteit**[1] (toere, uitstappies, besoeke, skool- en sportaktiwiteite) gedurende skoolure, daarna, oor naweke of in vakansietyd, met enige georganiseerde (of onderlinge georganiseerde) **vervoer** soos deur die Skool gereël, weg van die skoolterrein mag deelneem of meemaak.
2. In gevalle waar 'n leerder vrywillig en in 'n nie-amptelike hoedanigheid vervoer word, word dit 'n reëling tussen die ouers en die persoon wat die vervoer aanbied. Die Skool sal in hierdie geval geen verantwoordelikheid vir enige risiko's in hierdie verband aanvaar nie.
3. Ek/ons gee ook hiermee toestemming dat my kind aan enige fondsinsamelingsprojek, sakebedrywigheid of enige ander aktiwiteit buiten 'n skoolaktiwiteit[1] mag deelneem wat deur die WKOD / Beheerliggaam / Skoolhoof goedgekeur is, hetsy op of weg van die skoolterrein.
4. Ek/ons begryp dat al bogenoemde aktiwiteite op eie risiko onderneem word.
5. Ek/ons verleen verder toestemming dat die opvoeders van die Skool, of 'n persoon wat deur die Skool aangewys word, my/ons kind na en van die skoolterrein vervoer vir doeleindes van skoolaktiwiteite wat weg van die skoolterrein plaasvind.
6. Ek/ons neem kennis dat hierdie toestemming van toepassing is op skoolaktiwiteite en dat die Staat aanspreeklik is vir enige skade wat uit 'n skoolaktiwiteit kan spruit a.g.v. nalatigheid.
7. Inaggenome die toepaslike Suid-Afrikaanse Skolewet, onderneem ek verder om die Hoër Meisieskool Bloemhof, die Skoolhoof of enige personeellid te vrywaar / kwyt te skeld van enige skade / kwyt te skeld van enige eise wat mag ontstaan uit enige risiko's / beserings / onkoste / skade / verlies, wat my dogter gedurende sodanige aktiwiteit / tydperk mag ly / opdoen.
8. As ouer/voog verleen ek/ons hiermee toestemming aan die verantwoordelike personeel van die Skool of 'n persoon wat deur die Skool aangewys word, om dringende mediese hulp vir my/ons kind te bekom indien dit nodig sou word.

GEDRAGSKODE EN ALGEMENE REËLS TYDENS ALLE SKOOLAKTIWITEITE

Ek/Ons aanvaar dat my/ons kind op my/ons onkoste sonder versuim teruggestuur kan word na Stellenbosch indien sy haar aan enige van die onderstaande reëls skuldig maak of dat ek haar persoonlik sal kom haal indien die gedragskode oortree word.

LEERDERONDERNEMING

Ek sal:

- te alle tye deur my voorkoms en optrede 'n **ambassadeur** vir my skool wees,
- ander mense om my en hulle besittings **respekteer** en
- as toeskouer/deelnemer my volle **skooluniform korrek dra**.

Ek sal my nie skuldig maak aan:

- minagting van gesag,
- of enige ander vorm van onverantwoordelike optrede nie, bv. o.a. enige deel van my liggaam by 'n busvenster uitsteek, afdwaal van die groep, skynbaar onskuldige poetse bak, ens.
- die gebruik van o.a. alkoholiese drankies, sigarette, dwelmmiddels, ens.
- die besoek van kuierplekke vir persone ouer as 18,
- die besoek van enige plekke sonder die personeel se toestemming,
- die verbreking van enige skoolreëls nie,

Ek, as ouer / voog, dra kennis dat daar GEEN ongemagtigde artikels in my kind se bagasie is nie.

Ouer/Voog 1 se naam en van	Handtekening	Datum
Ouer/Voog 2 se naam en van	Handtekening	Datum
Leerder se naam en van	Handtekening	Datum

VAKKEUSES

Voltooi slegs die vakkeuse van die graad waarvoor u dogter aansoek doen

GRAAD 9		GRAAD 10-12			
1. Afrikaans Huistaal	✓	**1.** Afrikaans Huistaal			✓
2. Engels Huistaal **OF**		**2.** Engels Huistaal **OF**			
Engels Eerste Addisionele Taal		Engels Eerste Addisionele Taal			
3. Wiskunde	✓	**3.** Lewensoriëntering			✓
4. Natuurwetenskappe	✓	**4.** Kies **EEN** van die volgende:			
5. Sosiale Wetenskappe (Geografie en Geskiedenis)	✓	Fisiese Wetenskap		Lewenswetenskappe	
6. Tegnologie	✓	Ekonomie		Verbruikerstudie	
7. Ekonomiese Bestuurswetenskappe	✓	Geskiedenis (slegs gr. 12)		Geografie (gr. 10-11)	
8. Lewensoriëntering	✓	Visuele Kunste[c]		Ontwerpkunste[c]	
9. Skeppende kuns[a]: Kies **TWEE** van die volgende:		Inligtingstegnologie[d]			
Drama		**5.** Wiskunde **OF**			
Kuns		Wiskundige Geletterdheid			
Musiek		**6.** Kies **EEN** van die volgende:			
10. Kies **EEN** van die volgende:		Rekeningkunde		Musiek	
Duits Tweede Addisionele Taal		Geskiedenis (gr. 10-11)		Geografie (slegs gr. 12)	
isiXhosa Tweede Addisionele Taal		Visuele Kunste[c]		Ontwerpkunste[c]	
Musiek[b]		isiXhosa Tweede Addisionele Taal			
Rekenaarvaardigheid		Duits Tweede Addisionele Taal			
Ingenieursgrafika- en Ontwerp		Frans Tweede Addisionele Taal			
11. Kies **EEN** van die volgende (dit moet verskil van groep 10)		Ingenieursgrafika- en Ontwerp			
Frans Tweede Addisionele Taal		Inligtingstegnologie[d]			
Mandaryns Tweede Addisionele Taal		**7.** Kies **EEN** van die volgende:			
Ingenieursgrafika- en Ontwerp		Lewenswetenskappe		Fisiese Wetenskappe	
Rekenaarvaardigheid		Dramatiese Kunste		Visuele Kunste[c]	
Kuns[c]		Ontwerpkunste[c]		Musiek[b]	
		Inligtingstegnologie[d]		Rekeningkunde	
		Rekenaartoepassingstegnologie			

[a.] Skeppende kuns (groep 9) behels **verrykingsvakke** en voorafkennis van drama, kuns of musiek is nie nodig nie. Musiek in groep 9 word *sonder instrumentale onderrig* aangebied. Leerders kan nie in graad 9 hul keuse hier verander nie.

[b.] Musiek behels instrumentale onderrig (insluitend sang as instrument) asook 'n teoretiese komponent. Moontlike addisionele onkoste is van toepassing. Meer inligting i.v.m. Musiek is by info@bloemhofschool.co.za beskikbaar. Graad 8- en 9-leerders kan musiek in groep 11 én musiek as een van hul Skeppende Kuns-keuses in groep 9 neem.

[c.] Kuns as vak (groep 11), Visuele Kunste en Ontwerpkuns word deur die PJ Olivier Kunssentrum gefasiliteer en addisionele kostes per jaar is betaalbaar. Leeders woon klas in die middag ná skool by en het soggens sogenaamde vryperiodes wanneer daar Kuns op hul rooster verskyn. Gedurende hierdie periodes sit hulle iewers op die terrein en doen tuiswerk wat hulle na skool sou moes doen. Graad 8- en 9-leerders kan kuns in groep 11 én kuns as een van hul Skeppende Kuns-keuses in groep 9 neem.

[d.] Inligtingstegnologie kan teen ekstra koste by Paul Roos Gimnasium geneem word.

Let wel: Leerders kan nie in graad 9 'n derde taal neem wat hulle nie in graad 8 geneem het nie. Leerders wat in grade 10 tot 12 by Bloemhof aansluit, het dikwels 'n agterstand in vakke soos Rekeningkunde en Wiskunde. Van personeellede word verwag om drie keer in dié verband ekstra hulp aan te bied. Enige verdere hulp wat benodig word, moet deur die leerder/ouers self bekom word of hulle moet die ekstra hulpklasse na skool bywoon.

ALGEMENE ONDERNEMING

LEES ASSEBLIEF DIE ONDERSTAANDE INLIGTING NOUKEURIG DEUR.

1. Ons dogter se beheer oor die akademiese inhoud van die onderskeie vakkurrikula van die vorige (of huidige) graad, moet sodanig wees dat sy daartoe in staat sal wees om by die onderrigprogram van die skool te baat.
2. Ons dogter is in staat om onderrig deur medium van **Afrikaans** te ontvang.
3. Ons aanvaar die skoolkurrikulum, dit wil sê die onderskeie vakkurrikula sowel as die ko-kurrikulêre program, kulturele en sportaktiwiteite.
4. Ons dogter kan slegs tot Bloemhof toegelaat word indien haar ouderdom minder as 18 maande verskil van die gemiddelde ouderdom van die leerders van die graad waartoe sy toegelaat sou word.
5. Ons besef dat daar by Bloemhof van ons dogter verwag word om aan die ko-kurrikulêre program van die skool deel te neem en dat ons haar tot volgehoue deelname sal ondersteun en aanmoedig tot voordeel van haarself, asook haar skool. (Verkieslik een sportsoort per seisoen en een kultuuraktiwiteit.)
6. By aanvaarding van my/ons kind se toelating tot die Hoër Meisieskool Bloemhof, kom ek/ons hiermee onvoorwaardelik ooreen om jaarliks op sodanige tydstip as wat die Bloemhof Beheerliggaam mag bepaal, sodanige bydrae tot die skoolfonds te maak as wat deur die Beheerliggam (ná goedkeuring deur 'n ouervergadering) vasgestel word.
7. Ons aanvaar die vereistes van die skooldrag en algemene voorkoms van die leerders en die oordeel van die Skoolhoof in dié verband.
8. **Ons aanvaar die gesag van die skool**, daarby inbegrepe die **Waarde- en Gedragskode**, met die veronderstelling dat ons as ouers ons dogter sal aanmoedig om 'n **positiewe houding** ten opsigte van algemene skooldissipline in te neem.
9. Ons verstaan dat daar van die skoolgemeenskap en leerders verwag word om nie die skool te gebruik vir die bevordering van enige partypolitieke of buite-parlementêre politieke organisasie, massa-beweging of drukgroep nie.
10. Ons besef dat dit van ons as ouers verwag word om die doelwitte en praktyk van die Hoër Meisieskool Bloemhof te eerbiedig.
11. Ons onderneem om u binne 14 dae nadat enige van ingevulde besonderhede verander het, skriftelik van die nuwe besonderhede in kennis te stel.
12. Ons bevestig hiermee dat die aansoekvorms volledig en korrek ingevul is.
13. Ons het onsself van die bogenoemde toelatingsvereistes vergewis en deur hierdie vorm te onderteken, bevestig ons dat ons dit **onvoorwaardelik aanvaar**.

Ouer/Voog 1 se naam en van	Handtekening	Datum
Ouer/Voog 2 se naam en van	Handtekening	Datum
Leerder se naam en van	Handtekening	Datum

AANSOEK OM TOELATING-HUIS BLOEMHOF (KOSHUIS)

Voltooi slegs indien u dogter koshuisplek benodig.

Leerders woonagtig in Stellenbosch kwalifiseer nie vir koshuistoelating nie.

	JA	NEE
Enige suster(s) van aansoeker tans in Huis Bloemhof		
Naam en Van _____	Graad _____	_____
_____		_____

VERBLYFREËLINGS VIR NAWEKE/TUISNAWEKE INDIEN LEERDER NIE BY OUER(S) TUISGAAN NIE

Naam en Van	Titel	Woonadres	Selfoonno	Verwantskap

MEDIESE BESONDERHEDE

MAGTIGING OM IN OUER / VOOG SE AFWESIGHEID OP TE TREE

Hiermee magtig ek die superintendent of 'n amptelike plaasvervanger om in my afwesigheid namens my toestemming aan 'n geneesheer te verleen dat my dogter narkose mag ontvang en/of 'n operasie ondergaan indien 'n geneesheer dit noodsaaklik en spoedeisend ag. **Let wel**: Pogings word altyd eers aangewend om met die ouers in verbinding te tree.

Ouer/Voog 1 se naam en van	Handtekening	Datum
Ouer/Voog 2 se naam en van	Handtekening	Datum

VEREISTE INLIGTING INGEVAL VAN MEDIESE OF HOSPITAALBEHANDELING

Naam van Mediese fonds en opsie _____

Mediese fondsnommer / Lidnommer _____

Besonderhede van hooflid _____

Dogter se kode (afhanklike nommer) _____

Ouer / Voog: Selfoonnommer _____

Naam en kontaknommer van huisdokter _____

Naam en kontaknommer van 'n derde party indien ouer nie beskikbaar is nie _____

MEDIESE GESKIEDENIS VAN LEERDER

Is daar enige fisiese gebrek, mediese probleme, gesondheidsrisiko's, swakheid of afwyking waaraan die leerder ly en/of enige spesiale bedrywighede waaraan die leerder nie mag deelneem nie of enige ander inligting waarvan die skool bewus moet wees?

_____

Enige medikasie? _____

Enige allergieë? _____

ALGEMENE ONDERNEMING – HUIS BLOEMHOF (KOSHUIS)

LEES ASSEBLIEF DIE ONDERSTAANDE INLIGTING NOUKEURIG DEUR

1. Ons onderneem om die ooreengekome losiesgeld stiptelik vooruit of binne die eerste 3 dae van die kwartaal te betaal.
2. Indien ons/ek ingebreke bly om die losiesgeld stiptelik te betaal, aanvaar ek dat my/ons dogter haar kamer onmiddellik sal moet ontruim.
3. Ons onderneem om ‘n volle skoolkwartaal vooruit skriftelik kennis te gee indien ons dogter nie langer by Huis Bloemhof gaan inwoon nie.
4. Ons verstaan dat die superintendent in Loco Parentis ten opsigte van elke Huis Bloemhoffer wat aan sy/haar sorg toevertrou is, optree.
5. Ons en ons dogter onderneem om ons aan die koshuisreëls en gedragskode te onderwerp en om ‘n positiewe houding ten opsigte van bogenoemde in te neem.
6. Ons besef dat dit van ons as ouers verwag word om die doelwitte en praktyk van Huis Bloemhof te eerbiedig.
7. Ons verstaan dat alle leerders die koshuis tydens tuisnaweke, langnaweke en vakansies moet verlaat. Indien ons dogter nie huis toe kan gaan nie, is ons verantwoordleik om betyds alternatiewe verblyf te reël.
8. Ons verstaan dat indien ons dogter direk verantwoordelik is vir enige skade aan die koshuis en/of haar kamer, sal ons as ouers aanspreeklik wees vir die onkoste daaraan verbonde.
9. Ons onderneem om alle waardevolle artikels wat ons dogter koshuis toe bring, op ons eie versekering aan te dui.
10. Die Beheerliggaam, Koshuiskomitee en Superintendent aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige verlies of beskadiging van persoonlik besittings van kosgangers nie, hoe dit ook al veroorsaak word.
11. Ons onderneem om u binne 14 dae nadat enige van die ingevulde en/of mediese besonderhede verander het, skriftelik van die nuwe besonderhede in kennis te stel.
12. Ons bevestig dat ons ‘n gesertifiseerde afskrif van ons mediese fondskaart aan die superintendent gegee het, indien dit sou nodig wees om my/ons dogter na ‘n hospitaal te neem.
13. Ons onderneem om die superintendent onmiddellik in kennis te stel indien my/ons dogter met ‘n mediese toestand gediagnoseer word.
14. Ons verstaan dat indien bogenoemde ‘n risiko vir die koshuisleerders en/of personeel en/of haarself inhou, haar koshuisverblyf opgeskort kan word.
15. Ons verstaan dat om enige mediese of sielkundige toestande nie te openbaar nie, ons dogter gevra kan word om haar kamer onmiddellik te ontruim.
16. Ons bevestig hiermee dat alle vorms volledig en korrek ingevul is.
17. Ons het onsself van die bogenoemde toelatingsvereisters vergewis en deur hierdie vorm te onderteken, bevestig ons dat ons dit onvoorwaardelik aanvaar.

Ouer/Voog 1 se naam en van	Handtekening	Datum
Ouer/Voog 2 se naam en van	Handtekening	Datum
Leerder se naam en van	Handtekening	Datum

DIE VORM WAT VOLG, MOET DEUR DIE LEERDER SE SKOOLHOOF VOLTOOI EN DIREK AAN ONS TERUGGESTUUR WORD

1. Gee die VERTROULIKE VERSLAG aan u dogter se huidige skoolhoof om te voltooi
2. Vra die skoolhoof om die vorm direk aan die HMS Bloemhof te stuur: E-POS: info@bloemhofschool.co.za / FAKS: 021 887 3067
3. Dit is die ouer/voog se verantwoordelikheid om met u dogter se huidige skoolhoof op te volg dat die vertroulike verslag aan ons teruggestuur is.

HOËR MEISIESKOOL
BLOEMHOF
STELLENBOSCH
semper fidelis | altyd getrou

VERTROULIKE VERSLAG: NUWE AANSOEKE

Ouers/Voogde word versoek om asseblief hierdie vorm aan u dogter se huidige skoolhoof te gee om te voltooi en direk aan die Hoër Meisieskool Bloemhof te stuur. **E-POS: info@bloemhofschool.co.za | FAKS: 021 887 3067**

NAAM VAN LEERDER: _____ GRAAD: _____

HUIDIGE SKOOL: _____

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

FAMILIEBANDE	Suster(s)	Ma	Ouma(s)	Tannie(s)	Niggie(s)	

AKADEMIE

Kriteria	Uitstekend	Goed	Gemiddeld	Swak	Baie swak
Werksgesindheid					
Klasgedrag					
Selfdissipline					
Pligsgetrouheid					
Klasposisie	80%+	70%+	60%+	50%+	0-50%
Intervensie benodig?	Ja	Nee			

LEIERSKAP

Kriteria	Uitstekend	Goed	Gemiddeld	Swak	Baie swak
Leierskapvaardighede					
Leierskapposisie				Jaar	

BUITEMUURSE BETROKKENHEID

SKOOLSPORT	Nasionale / provinsiale prestasie	A-span	B-span	Gereelde deelname	Geen deelname / gereeld afwesig van oefeninge
Meld sportsoorte					
BUITE-SPORT (NIE-SKOOLVERWANT)	Nasionale / provinsiale prestasie	A- of B-span	Gereelde deelname	Geen deelname / gereeld afwesig van oefeninge	
Meld sportsoorte					
KULTUUR (SKOOLVERWANT)	Nasionale / provinsiale prestasie	Puik prestasie op dié gebied	Aktiewe, getroue deelname	Deelname	Geen deelname / gereeld afwesig van oefeninge
Meld kultuuraktiwiteite					
KULTUUR (NIE-SKOOLVERWANT)	Nasionale / provinsiale prestasie	Puik prestasie op dié gebied	Aktiewe, getroue deelname	Geen deelname / gereeld afwesig van oefeninge	
Meld kultuuraktiwiteite					

BLAAI ASB. OM

ALGEMEEN

Meld enige mediese/sielkundige toestande waarvan die skool- en/of koshuispersoneel kennis moet dra / bewus moet wees.

Meld enige gesinsprobleme waarvan die skool- en/of koshuispersoneel kennis moet dra / bewus moet wees.

SKOOLFONDS	Gereelde betaling	Ongereelde betaling	Wanbetaling	Vrystelling
AANBEVELING	Definitief / Aanwins	Positief	Huiwerig	Negatief

Enige verdere kommentaar of aanbeveling van skoolhoof:

Handtekening: SKOOLHOOF

DATUM EN SKOOLSTEMPEL